# Uit die pen: Week 50 van 2022



Dit was nie lekker om Pretoria toe te trek nie. End van die prent.

Moenie vir my vertel dat hier so baie geleenthede is nie. Min of meer die enigste faktor wat water dra, is dat vars vrugte en groente nou meer geredelik beskikbaar is.

My klein Vrystaatse dorpie het nie verkeersligte gehad nie. Hiér is hordes. Sommiges word geïgnoreer. Steeds. Die meeste verander gereeld van rooi na groen na geel, alhoewel padgebruikers nie die geel- en rooiligte lekker verstaan nie.

’n Vriend bel: “En hoe vind jy Pretoria?”

Nee, broer, ek vind nog niks in Pretoria nie.

My goeie man stuur my na ’n hardewarewinkel waar ek dalk al een keer was, maar geen benul gehad het van hoe om weer daar te kom nie. Ek verdwaal so af en toe, maar vind darem my pad huis toe voordat die sterre begin flikker.

Ek gaan een middag Brooklyn toe. Die goeie man bel later. Veel later.

“Waar is jy?”

“In Brooklyn. Ekt jou mos gesê.”

“Maar jy moes al lankal by die huis wees. Wat is fout?”

“Ek soek die kar.”

“Wat bedoel jy: Jy soek die kar?”

“Want ek weet nie waar ek die kar parkeer het nie. Maar moenie worrie nie, ek kom huis toe sodra ek dit gekry het.”

Uiteindelik het ek die kar gekry. Ek kon ook huis toe ry sonder om (baie ver) te verdwaal.

Maar ek het verlang. O, ek het verlang. Na my lekker groot huis, die net-so-groot tuin, my Joseph-tuinman, die kerk, die stofstrate, my dokter, my apteker, my vriende, my min-of-meer alles.

Die eerste maand huil ek elke dag oor my Vrystaatse dorp. Die tweede maand huil ek elke tweede dag. Die derde maand darem net een keer per week (ek wed jy het gedink ek huil elke derde dag. Darem iets om voor dankbaar te wees.)

Waar maak mens nuwe vriende hier? Almal is klaar vriende. Met mekaar, nie met my nie.

Ek begin by die skool en wees vriendelik met almal. Dalk kan ek iemand kry saam met wie ek kan gaan tee drink of ’n koeldrank deel. Dit gaan maar met rukke en stote.

By die kerk. Goed, kom ons probeer daar. Ek kry die telefoonnommers van mense met wie ek ná ’n erediens gesels. Ek stuur so twee of drie whatsapps (darem nie op dieselfde dag nie) maar kom agter dat die reaksie maar traag is. As ek dus nie terugvoer ontvang nie, kan ek die skimp vang.

Ek is alleen, en dit is niks lekker nie. My vriendinne is nie naby nie en die telefoon nie altyd die beste ding om meer te kommunikeer nie.

Intussen is my Alsatian dood, my pa is hemel toe en klomp ander dinge het gebeur.

Ons gaan kuier een naweek op ons Vrystaatse dorp. Die nag voordat ons ry, droom ek van my pa wat in die intensiewe sorgeenheid lê. Ek het nog nooit van hom gedroom nadat hy dood is nie en ek het ook nie weer, ná daardie aand nie.

Ek sit langs by pa se bed in die hospitaalsaal. Die dokter kom sê: “Gee vir hom 3½.” Dan is daar ’n suster wat haar hand op my skouer sit en sê: “Dis nog net 3½.” Iemand anders kom sê ook iets van 3½. Die droom is steeds so helder soos daglig toe ons wil vertrek.

Die goeie man wag al in die kar, en ek gryp gou my droomboek. Die titel is iets soos “God’s Dream Dictionary”, ek kan nie eers meer onthou nie.

Ek soek “numbers” in die inhoudsopgawe. Daar kry ek die volgende getalle: 1, 2, 3, 1 ½, 4…” Regtig? 3 ½?

Ek lees: “I’ve seen your 3½ years of tribulation.”

Ons spring in die kar, ry na ons Vrystaatse dorpie toe.

Op pad soontoe begin ek somme maak: vandag is dit presies 3½ jaar nadat ons Pretoria toe getrek het. Regtig! Die Here het gesien hoe ek huil oor my dorp en my mense. Hy het my gehoor!

Ewe skielik val daar ’n juk van my skouers af. Ons bly al vir 3½ jaar hier en ek lewe nog. Ek is nog okay - ek haal nog asem. Dan kan dit mos nie só sleg wees nie.

Miskien moet ons vir hierdie Kersfees verby al die liggies en die kersbome kyk. Dalk die blêrende Kersmusiek waarmee jy in ’n winkel bombardeer word effens uit jou kop skuif. Minder fokus op dit wat in Kerspapier toegedraai is en meer op die Een wat in doeke toegedraai was.

Want die Here sien. Hy sién waardeur jy gaan. Hy sien jou trane en jou pyn. Hy sien ook jou lag en jou tevredewees. Miskien wil Hy jou bietjie geduld leer? Want ons leef in so ’n gejaagde wêreld waar ons nou dadelik antwoorde wil hê. Ten koste van alles.

Augustinus, die kerkvader, se ma het sewentien jaar vir hom gebid. Die Here het vir 3½ jaar gekyk hoe ek treur oor my vorige dorp. Nie dat ek myself wil vergelyk met Augustinus nie.

Maar die Here sien.

Mag jy hierdie Kersseisoen ’n nuwe beleef van God ervaar. Een waarin jy weet jy veilig is, maak nie saak wat rondom jou gebeur nie. Een waar jy weet dat jou gebede nie onbeantwoord sal wees nie, al voel dit lank. Een waar jy diegene rondom jou gaan waardeer en goed wees vir hulle. Ten spyte van.

Die Here het my 3½ jaar se trane en verlange gesien. Ek glo Hy sien joune ook.

Mag hierdie Kersfees jou opnuut herinner aan presies hoe lief God die wêreld gehad het dat Hy sy enigste Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag ontvang.

Tot weersiens.

# SUKSES OP 17



*Op die foto vl: Leandri Fourie en Simoné Jordaan.*

Op 'n 17 jarige ouderdom verwerf Leandri Fourie, van Heilbron, haar rooi seël-sertifikaat (tradetest) in haarkappery. Dit is 'n groot eksamen en sy is een van baie min studente wat op só jong ouderdom die eksamen aflê en slaag.

Sy is ook die enigste dame van The Apprentizz Hair and Beauty Academy wat die eksamen aangepak het nadat sy ook by dié opleidingsentrum gekwalifiseer het.

Nie een van haar mede studente het die eksamen om vir 'n rooi seël te kwalifiseer afgelê nie.

Fourie kan nou ander studente oplei in haarkappery en selfs internasionaal dienste as haarkapper lewer.

Tydens die prysuitdeling het sy 'n sertifikaat ontvang vir Best Cutting and Hot Towel Services asook 'n toekenning vir "Mejuffrou Glimlag".

# GELIEFDE HEILBRONNERS WORD TER RUSTE GELÊ



*Rentia Lombaard, 'n maatskaplike werkster wat vroeër jare by Engo op Heilbron werksaam was, is op Woensdag, 7 Desember, aan 'n hartaanval oorlede. Sy was maar 57 jaar oud. Ten tyde van haar dood was sy by die Herfsoord Ouetehuis en Siesta-aftreeoord in Vanderbijlpark werksaam. Sy laat haar eggenoot Piet, familie en vriende agter.*
*Rentia se troosdiens het vandag om 11:30 by die Siesta-aftreeoord se kapel plaasgevind.*



*Sophia Elizabeth Johanna (Sophie) Spies is op 9 Desember oorlede. Sy was 74 jaar oud. Haar begrafnis het Woensdag, 14 Desember vanuit die NGK Heilbron Suid-gemeente plaasgevind. Sy sal veral onthou word vir die knap wyse waarop sy die aftreeoord, Huis-Bron-van-Heil op Heilbron, vir baie jare bestuur het.*
*Sy laat haar kinders, kleinkinders vriende en familie na.*

